KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

# NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 09:00 OP DINSDAG 17 APRIL 2018 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

# *MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON TUESDAY, 17 APRIL 2018 AT 09:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP*

## RAADSLEDE

| | | |
|---|---|---|
| MNR | P J SWART | Uitvoerende Burgemeester |
| ME | Z TONISI | Uitvoerende Onder-Burgemeester (***teenwoordig tot 09:45***) |
| MNR | D BURGER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| ME | M OCTOBER | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| MNR | J NIEUWOUDT | Speaker |

## AMPTENARE

| | |
|---|---|
| Mnr D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansies- en IT Dienste |
| Mnr S Cooper | Bestuurder: Elektrotegniese Dienste |
| Mnr D October | nms Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Me T Stone | Afdelingshoof: Strategiese Dienste |
| Me N Mhlati-Musewe | Divisional Head: HR Services & Organisational Development |
| Mnr G Prins | Kommunikasie |
| Mnr D Wasserman | Bestuurder: Water en Sanitasie |
| Mnr F du Toit | Bestuurder: Boubeheer |
| Mnr J Daniels | Bestuurder: Strate en Stormwater |
| Mnr G M Moelich | Bestuurder: Administratiewe Ondersteuning / Komiteedienste |

---

## 1. OPENING

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en mnr John Daniels open die vergadering met gebed.

## 2. AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE*

Geen.

## 3. ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE

### 3.1 KUSASA COMMODITIES (PTY) LTD

Mnre Brinkhuis, Cupido en October spreek die UBK toe oor 'n moontlike ontwikkeling op erf 1257, Struisbaai (geleë aangrensend aan die industriële pad).

Die beplande ontwikkeling maak voorsiening vir: mediese fasiliteite, 'n hospitaal, crèche, 'n klubhuis, winkelsentrum asook 'n gesondheidsentrum. Die program sal oor drie jaar strek. KUSASA versoek ontwikkelingsregte op die genoemde perseel.

***BESLUIT BK54/2018***

Dat 'n volledige versoek en verslag aan die Raad voorgelê word vir oorweging.

### 3.2 JPCE (PTY) LTD

Mnr Palm spreek die UBK toe oor die "integrated waste management plan". Hy verwys na die bestaande stelsel van vullisverwydering deur die versameling van plastiek sakke. Hy doen 'n voorlegging oor die implementering van "wheely bins" in die regsgebied van Kaap Agulhas en verwys na die drie verskillende fases asook moontlike finansieringsmeganismes. Hy meld ook dat 10 000 dromme vir die hele regsgebied nagenoeg R5 000 000 sal beloop.

***BESLUIT BK55/2018***

Dat die UBK kennis neem van bogenoemde voorlegging.

## 4. NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING

### 4.1 NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:

19 Maart 2018

***BESLUIT BK56/2018***

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE

Dat die geldwaarde van personeel oortyd in die toekoms ook in maandverslae vervat sal word.

## 6. VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER

### 6.1 BRIEWE VAN DANK

Geen.

### 6.2 FUNKSIES VIR DIE MAAND

Die jaarlikse Imbizo's is tans aan die gang.

6.3 **ALGEMEEN**

(i) Dat 'n bestuursplan vir die informele areas voorgelê word om ingeslote gemeenskappe te skep.
(ii) Dat dringende aandag aan "algemene onderprestasie" ten opsigte van kinder- en jeugontwikkelingsprogramme asook 'n volledige LED beleid geskenk word.
(iii) Dat die vaste afvalbestuursplan dringend aan die Raad voorgelê word.
(iv) Dat 'n langtermyn stadsbeplanningsplan aan die Raad voorgelê word.
(v) Dat onderhandelinge dringend met ASLA plaasvind insake die verbetering van kwaliteit behuising.
(vi) Dat probleem oplossing en klagte hantering vinniger aangespreek moet word.
(vii) Dat 'n verslag aan die Raad voorgelê word oor die wysiging van kantoorure om kassieres tydens middagetes oop te hou.
(viii) Dat gereëlde inligtingstukke aan die publiek beskikbaar gestel word om hul in te lig oor huidige projekte.
(ix) Dat belangegroepe voortaan meer kreatiewe denke aan die dag lê vir die versekering van beter dienslewering.
(x) Dat portfolio hoofde voortaan sal fokus op die uitkoms van die Raad se "SWOT Analise" wat gedoen is by die laaste strategiese sessie van die Raad.

7. **VERSLAE**

**Bladsy**

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

7.1.1 **Infrastruktuurdienste / *Infrastructure Services***

Maandverslag: Maart 2018 **4 - 5**

7.1.2 **Elektrotegniese Dienste / *Electro Technical Services***

Maandverslag: Maart 2018 **5**

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 **Direkteur: Bestuursdienste / *Director: Management Services***

Maandverslag: Maart 2018 **5 - 6**

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

7.3.1 Maandverslae: Maart 2018 **6**
7.3.2 Quarterly SCM Oversight Report: 31 March 2018 **7**
7.3.3 Kwytskelding beperking op waterverbruik: Floraland **7 - 8**
7.3.4 Algemene Bespreking: Toekomstige Strategiese Fokuspunte **8**

8. **ADDISIONELE ITEMS DEUR DIE RAAD HANTEER**

8.1 Fase 3, Area H behuisingsontwikkeling, Bredasdorp **9 - 12**
8.2 Section 52 Report for the 3rd Quater ending 31 March 2018 **12**
8.3 Quarterly Performance Report for quarter 3 **13 - 14**

9. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

11. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

12. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

13. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op **bladsy 15**.

14. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

15. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 12:00

---

# 7. VERSLAE

## 7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / *INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE*

### 7.1.1 VERSLAG VAN DIE AFDELING INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR MAART 2018 / *REPORT FROM THE DIVISION INFRASTRUCTURE SERVICES FOR MARCH 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae van die afdeling Infrastruktuurdienste vir Maart 2018.

**AGTERGROND**

| **Verslae word soos volg aangeheg:** | **Bladsy / *Page*** |
|---|---|
| (i) Infrastruktuurdienste / *Infrastructure Services* | **1 - 10** |
| (ii) Boubeheer / *Building Control* | **11 - 16** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae van die afdeling Infrastruktuurdienste vir Maart 2018 aanvaar word. / *That the monthly reports from the division Infrastructure Services for March 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*
(ii) Dat dringend aandag gegee word aan: (a) Die beleid/verordeninge insake boorgate; (2) Die skoonmaak van die Droërivier; (3) Die vulling van die vakante Boubeheerbeampte pos.

***BESLUIT BK57/2018***

(i) Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat die UBK kennis neem dat die Droërivier begin Mei skoongemaak sal word.
(iii) Dat die vulling van die boubeheer pos afgehandel sal word sodra die arbitrasieproses voltooi is.

### 7.1.2 VERSLAG VAN DIE BESTUURDER: ELEKTROTEGNIESE DIENSTE VIR MAART 2018 / *REPORT FROM THE MANAGER: ELECTRO TECHNICAL SERVICES FOR MARCH 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslag vanaf die Bestuurder: Elektrotegniese Dienste vir Maart 2018.

**AGTERGROND**

Verslag word aangeheg op ***bladsy 17 tot 26***.

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Bestuurder: Elektrotegniese Dienste vir Maart 2018 aanvaar word. / *That the monthly report from the Manager: Electro Technical Services for March 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK58/2018***

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.2.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE VIR MAART 2018 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: MANAGEMENT SERVICES FOR MARCH 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir Maart 2018.

**AGTERGROND**

| **Verslae word soos volg aangeheg:** | Bladsy / *Page* |
|---|---|
| (i) Publieke Dienste / Public Services | **27 - 34** |
| (ii) Behuising / *Housing* | **35 - 39** |
| (iii) Biblioteekdienste / *Library Services* | **40 - 45** |
| (iv) Beskermingsdienste / *Protection Services* | **46 - 53** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslag van die Direkteur: Bestuursdienste vir Maart 2018 aanvaar word.
*That the monthly report from the Director: Management Services for March 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK59/2018***

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT *SERVICES COMMITTEE*

### 7.3.1 MAANDVERSLAE: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR MAART 2018 / *MONTHLY REPORTS: FINANCE- AND IT SERVICES FOR MARCH 2018*

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Maart 2018.

**AGTERGROND**

Verslae word soos volg aangeheg:

| | | |
|---|---|---|
| (i) | **Kantoor van die Munisipale Bestuurder / *Office of the MM*** | **Bladsy / Page** |
| | • Strategiese Dienste / *Strategic Services* | **54 - 62** |
| | • Administrasie / *Administration* | **63 - 67** |
| | • Stadsbeplanning / *Town Planning* | **68 - 71** |
| | • Menslike Hulpbonne / *Human Resources* | **72 - 77** |
| | • Menslike Ontwikkeling / *Human Development* | **78 - 82** |
| (ii) | **Finansiële Dienste en Tesourie / *Finance and Treasury*** | **Bladsy / Page** |
| | • Financial Management | **-** |
| | • Revenue | **83 - 92** |
| | • Expenditure | **93 - 102** |
| | • Budget and Treasury | **-** |
| | • Supply Chain and Fleet Management | **103 - 112** |
| | • Information Communication | **113 - 138** |

***BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION***

Dat die maandverslae vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir Maart 2018 aanvaar word.
*That the monthly reports from the department Finance- and IT Services for March 2018 be accepted.*

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT BK60/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.2 **QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 31 MARCH 2018 (DFS)**

**PURPOSE OF REPORT**

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the Supply Chain Management Policy to the Mayor.

The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the second quarter from **1 January 2018 - 31 March 2018**, in order to strengthen Council's oversight role.

**Implementation of Supply Chain Management Policy**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in March 2017 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect. This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

**Committees**

The bid committees are established and are fully functioning according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 March 2018, see ***page 139 to 150***.

***MANAGEMENT RECOMMENDTION***

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 31 March 2018.

***RESOLUTION BK61/2018***

That Management recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

7.3.3 **AANSOEK OM KWYTSKELDING VAN BEPERKING OP WATERVERBRUIK: FLORALAND**

**DOEL VAN VERSLAG**

Oorweging van 'n aansoek om kwytskelding van die beperking op waterverbruik van sommige van die besigheidserwe van Floraland.

**AGTERGROND**

Fase 3 beperking (besighede 20% toeslag bo verbruik van 50kl) is van krag vanaf 9 Februarie 2018.

Floraland het verskeie besigheidseiendomme waarvan die gemiddelde maandeliks verbruik heelwat meer is as die toegelate 50kl. Die eiendomme ter sprake se gemiddelde verbruik beloop onderskeidelik 148kl, 215kl en 401kl per maand.

'n Skrywe, soos aangeheg op ***bladsy 151*** is ontvang waarin daar versoek word om kwytskelding van die beperking op hulle eiendomme se waterverbruik. In hulle skrywe word al hulle besigheidserwe vermeld, maar slegs die bogenoemde drie se gemiddelde maandelikse verbruik beloop meer as 50kl.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Indien die 20% toeslag vir die verbruik bo 50kl kwytgeskeld word sal dit 'n verlies aan inkomste van R1 039,43 per maand (gebaseer op die gemiddelde verbruik) teweeg bring.

***BESTUURSAANBEVELING***

Vir oorweging.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

Dat die 20% toeslag nie kwytgeskeld word nie (die bedrag van R1 039,43 sal dus betaalbaar wees).

***BESLUIT BK62/2018***

(i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesters-komitee aanvaar word.
(ii) Dat besighede se watermeters oor 'n tydperk van drie maande gemonitor word om soortgelyke voorvalle te hanteer.

7.3.4 **ALGEMENE BESPREKING TYDENS FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE VERGADERING: TOEKOMSTIGE STRATEGIESE FOKUSPUNTE**

(i) Voortaan sal die volgende staande items op die Finansies- en IT Dienste Komitee se agenda verskyn: 1. Improve CAM liquidity; 2. Improve focus on cash management; 3. Improve the capital replacement reserve.
(ii) Die Komitee sal voortaan so ver moontlik "papierloos" wees.
(iii) Maandverslae sal fokus op pro-aktiewe optredes en doelwitte.
(iv) Gesprekvoering met Raadslede aangaande die verdere ontwikkeling van die portfolio komitees.
(v) Gesprekvoering met die Speaker oor die verskuiwing van maand vergaderings om Direkteure geleentheid te gee om volledige inligting in maandverslae in te sluit.
(vi) Die SDBIP se KPA's moet ontwikkelingsgerig wees en pro-aktiewe optrede verseker.
(vii) Dat 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê word oor die Burgemeester se gholfdag.
(viii) Terugvoer aan die Raad gegee word oor die vergadering vir belangegroepe van Struisbaai.
(ix) Raadslede moet bemagtig word om die "Ignite" klagtestelsel volledig te kan gebruik (dit kan opleiding insluit).
(x) Ondersoek moet ingestel word na "verordeninge vir eiendomsadministrasie" en aan die Raad voorgelê word.
(xi) Stadsbeplanning se maandverslag behoort langtermyn ontwikkeling in te sluit (5 tot 20 jaar).
(xii) Dat Menslike Hulpbronne 'n volledige verslag aan die Raad voorlê insake die uitkoms van die produktiwiteitstudie.
(xiii) Dat die afdelingshoof van Menslike Hulpbronne 'n 5 jaar plan aan die Komitee voorlê wat ook sal insluit die inperking van salaris uitgawes as persentasie van die totale begroting.

***AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE***

Dat die UBK kennis neem van bogenoemde aangeleenthede.

***BESLUIT BK63/2018***

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

## 8. ADDISIONELE ITEMS DEUR DIE RAAD HANTEER

### 8.1 FASE 3 VAN AREA H BEHUISINGSONTWIKKELING IN BREDASDORP (B1923 - BSSB) (WYK 2)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die goedgekeurde uitleg van Fase 3 Area H, Bredasdorp weer in oënskou te neem en 'n besluit te neem ten opsigte van die wenslikheid van die uitleg.

**AGTERGROND**

Op 14 Februarie 2013 neem die voormalige Munisipale Bestuurder die volgende besluit:

Dat die Raad goedkeuring ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) verleen vir die volgende:

1. Konsolidasie van erwe 1923 en 1924, Bredasdorp.
2. Hersonering van die gekonsolideerde erf na Onderverdelingsgebied vir Enkel Residensiële, Publieke Oopruimte, Straat en die Restant doeleindes.
3. Die onderverdeling en sonering van gekonsolideerde erwe 1923 en 1924, Bredasdorp om die volgende toe te laat:
   - 187 Enkel Residensiële erwe
   - 3 Publieke Oopruimtes
   - 3 Gedeeltes straat
   - 1 Restant gedeelte grond
4. Verslapping / Afwyking van boulyne wat verband hou met enkel residensiële erwe om 0 meter kantboulyne en 0 meter straatboulyne toe te laat.
5. Verslapping / Afwyking van die dekking wat verband hou met enkel residensiële erwe.
6. Fasering van die projek.

**Bogenoemde goedkeuring is onderhewig aan die volgende voorwaardes, soos neergelê ingevolge Artikel 42 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (15 van 1985), naamlik dat:**

(a) Dat geen aktiwiteite wat 'n openbare oorlas tot gevolg kan hê mag uitgeoefen word nie.
(b) Dat bouplanne van alle strukture by die Raad ingedien word vir goedkeuring voordat konstruksie in aanvang neem nadat dienste voltooi is en aanvaar is.
(c) Dat die nuutgeskepte erwe herwaardeer en dienooreenkomstig belas word.
(d) Dat die Raad voorsien word van die goedgekeurde Landmeter-Generaal diagramme en/of Algemene Planne.
(e) Dat gesondheidsvereistes aan voldoen word wat van tyd tot tyd deur die Raad neergelê mag word.
(f) Dat die aansoeker/ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir alle interne- en eksterne dienste wat uit hierdie aansoek mag voortspruit, soos bepaal deur aanstellingsbrief.
(g) Dat enige bestaande serwitute wat uit die titelaktes mag voortspruit gehandhaaf word.
(h) Dat die dienste-ontwerp opgestel word en aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring en dat die ontwerp volgens die riglyne van "Guidelines for the Provision of Engineering Services in Residential Townships" uitgegee deur die Departement van Openbare Werke en Grondsake, gedoen word.
(i) Dat geen konstruksie sal in aanvang neem voordat die planne deur die Raad goedgekeur is nie.
(j) Dat die Raad voldoende geskikte water beskikbaar stel om die ontwikkeling te bedien, welke water deur die Raad op sodanige punt of punte op die grens van die ontwikkeling gelewer sal word wat die geskikste vir die Raad is, vir aansluiting by die eksterne verspreidingstelsel wat die dorp bedien.
Dat die Raad die ontwikkelaar vrywaar tans en in die toekoms geheel en al van alle verpligtinge met betrekking tot waterberging en -voorsiening.

(k) Dat 'n voltooiingsertifikaat deur 'n Ingenieur ingehandig word, waarin gesertifiseer word dat toepaslike toetse uitgevoer is en dat die werke aan die nodige SABS standaarde voldoen en dat oorname-inspeksies deur die Raad gedoen word sodra die werke bevredigend voltooi is, al is die dorpsregister nog nie geopen nie, sodat die retensieperiode in aanvang kan neem.
Gedurende die retensieperiode van twaalf maande is die ontwikkelaar verantwoordelik vir die herstel en vervanging van enige ontwerpfoute asook gebreke in die doeltreffende funksionering van die werke, wat aan die lig kom en enige gebreke in materiale of vakmanskap.
(l) Dat die Raad na die proklamasie van die ontwikkeling op sy koste alle huishoudelike vullis, in ooreenstemming met sy verordeninge, te verwyder en sal eie reëlings met die eienaars of kopers van erwe in die ontwikkeling vir die verwydering van sodanige vullis tref.
(m) Dat geen oordrag van 'n erf aan individue sal toegelaat word nie, voordat alle dienste tot bevrediging van die Raad geïnstalleer is nie.
(n) Dat alle stormwater aansluit by die bestaande stelsel.
(o) Dat voldoen word aan die vereistes van die Omgewings-impakstudie goedkeuring (ROD) en die Raad hierdie besluit kan wysig na die ROD uitgereik is.
(p) Dat die suksesvolle tenderaars 'n omgewingsimpakstudie voltooi vir goedkeuring deur die Department van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
(q) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste 'n CES-verslag verkry vir oorweging.
(r) Dat alle moontlike wetlike vereistes nagekom word.
(s) Voorsiening gemaak word in die uitleg vir voetganger beweging tussen Langstraat en Parkstraat.

**BESPREKING**

Die uitleg aangeheg behels die volgende aantal erwe in Fase 3:

- 28 Enkel Woonsone erwe, waarvan 16 GAP erwe, 16 Dupleks erwe en 6 Semi-detached erwe is.
- 1 Straat
- 1 Kleuterskool

Waarvan die erfgroottes as volg beskryf is:

Preliminary Layouts for the sites were prepared making use of three different typologies:

a) Semi-detached houses on approximately 200m² erven
b) Row houses on erven ranging between 100m² - 140m²
c) Detached houses on approximately 300m² erven.

Vanuit 'n stadsbeplanningsoogpunt is die uitleg baie onkonvensioneel, en die rede blyk te wees die maksimale aantal woonerwe wat ge-akkommodeer moes word. Sou die uitleg enigsins gewysig moet word, ten einde voorsiening te maak vir dieselfde of dalk meer aantal erwe of erwe waarvan die uitleg meer ekonomies en 'n blokpatroon vorm word aanbeveel dat die uitleg gewysig word en dat die kleuterskool perseel ge-inkorporeer word in die voorgestelde wysiging.

**Die volgende was wenslikheidsfaktore wat in aggeneem is met die eerste uitleg:**

- The proposal complies with densification strategies formulated on national, provincial and local spheres.
- No conservation worthy vegetation and / or plants is present. There are no other environmental issues influencing the potential for development.
- The subject property is well located with regards to access to the Central Business District, various community and public facilities nearby.
- Services are existing and the proposed infill development will be able to connect with existing water pipelines, sewerage, stormwater and electricity – therefore making optimal use of existing infrastructure.
- The existing storm water canal is incorporated into the development – to form an attractive green strip. Walkways across the canal will be constructed. The area will be landscaped to form an attractive open space area.
- The development will contribute to the upliftment and sustainability of the community in the area.
- A range of residential options are provided for, thus creating a balanced neighborhood.
- The provision of residential erven with varying erf sizes will facilitate choice within the market to purchase a property within the buyer's financial capability.
- Compatibility with the surrounding character: The development pocket will be fully integrated with the existing developed neighbourhood even though the proposed average erf size of the new erven is less than the sizes found in the surrounding residential area. This is however required to allow for the development of affordable erven for the GAP Market.
- Development of the vacant portions of land could contribute to enhancing safety and security of the surrounding erven, mostly used as community and public facilities – often unattended at night.
- The proposed developments will contribute to answer the demand for affordable housing and thus contributing to the range of housing opportunities in the subject area and thereby ensuring the sustainable development of the area.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

| | | |
|---|---|---|
| Wysigingsaansoek | : | R25 000 |
| Advertering | : | R2 520 |
| Opmeting | : | R70 000 |

Town and Country:

Phase 3 as per the plan you emailed has already been survey but I haven't been paid for the work due to the Mohlaleng saga. The costs would be:

| | | |
|---|---|---|
| Land Survey & General Plan | : | R57 798 |
| Surveyor General Fees | : | R5 215 |

**RAADSBESLUIT: 27 MAART 2018**

Op 27 Maart 2018 neem die Raad die volgende besluit (17/2018):

Dat die aangeleentheid terugverwys word vir die voorgestelde herontwikkeling van Fase 3 van Area H, Bredasdorp en gereed is vir ter tafellegging.

**BESPREKING**

Tydens die Behuisingsvergadering op 11 April 2018 word daar voorgestel dat die item weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

***BESLUIT BK64/2018***

Dat die aangeleentheid terug verwys word sodat die voorgestelde uitleg aan die Raad voorgelê kan word.

8.2 **SECTION 52 REPORT FOR THE 3rd QUARTER ENDING 31 MARCH 2018**

**PURPOSE OF REPORT**

To comply with section 71 of the MFMA and the requirements as promulgated in Government Gazette No 32141 of 17 April 2009 (Municipal budgeting and reporting requirements).

**BACKGROUND**

Section 71 of the MFMA and Section 28 of Government Notice 32141 dated 17 April 2009, regarding the "Local Government: Municipal Finance Management Act 2003 Municipal Budget and Reporting Regulations" necessitate that specific financial particulars be reported on and in the format prescribed, hence this report to meet legislative compliance.

"Section 52(d) of the MFMA states that, the executive mayor of a municipality **must within 30 days of the end of each quarter submit a report to the council on the implementation of the budget** and the financial state of affairs of the municipality.

However section 71 of the MFMA states that, the accounting officer of a municipality must by no later than **10 working days after the end of each month** submit to the mayor of the municipality and the relevant treasury a statement in the prescribed format on the implementation of the municipality's approved budget".

"Section 28 of the Government Notice 32141, the monthly budget statement of a municipality must be in the format specified in Schedule C and include all required tables, charts and explanatory information, taking into account any guidelines issued by the Minister in terms of section 168(1) of the Act".

Section 54 of the MFMA requires the Mayor to consider the Section 71 report and take appropriate action to ensure that the approved budget is implemented in accordance with the SDBIP.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) That the content of the report and supporting documentation for period ending 31 March 2018 is noted.
(ii) It be noted that the directors ensure that the budget is implemented in accordance with the Service Delivery and Budget Implementation Plan projections and in accordance with the approved budget.
(iii) It be noted that any material variances will receive remedial or corrective steps.

***RESOLUTION BK65/2018***

That the management recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

## 8.3 QUARTERLY PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 3: 1 JANUARY 2018 TO 31 MARCH 2018

**REPORT BY THE DIVISION HEAD: STRATEGIC PLANNING AND ADMINISTRATION**

**PURPOSE OF REPORT**

To present the quarterly performance report of the Municipality for the third quarter of the financial year (1 January 2018 to 31 March 2018), as attached on ***page 16 to 29***.

**LEGAL FRAMEWORK**

This Performance Report is submitted in compliance with MFMA Circular 13 which requires the Municipality to report quarterly on its Service Delivery Budget Implementation Plan (SDBIP).

This report must be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, which requires the Mayor to within 30 days of the end of each quarter; submit a report to Council on the implementation of the budget and the financial state of affairs of the Municipality.

**DISCUSSION**

The Performance Management System is an internet based system that uses the approved Service Delivery Budget Implementation Plan (SDBIP) as its basis.

The Executive Mayor approved the Top Layer SDBIP for 2017/18 on 26 June 2017. The SDBIP is a layered plan comprising a Top Layer SDBIP and Departmental SDBIPs.

Performance reporting on the top layer SDBIP is done to the Mayoral Committee and Council on a quarterly, half yearly (Mid-year Budget and Performance Assessment Report) and annual basis (Annual Report).

Any amendments to the Top Layer SDBIP must be approved by Council following the submission of the Mid-year Budget and Performance Assessment Report and the approval of the adjustment budget. Adjustments to the SDBIP were approved on 30 January 2018 (Resolution 3/2018).

**LINKAGE TO THE IDP**

The Council approved the new five year IDP on 30 May 2017. The SDBIP derives from the IDP which contains the Municipalities vision, mission and strategic goals and objectives, which in turn aligned to the National KPA's for Local Government.

**The following table sets out this alignment:**

| VISION | MISSION | STRATEGIC GOAL | STRATEGIC OBJECTIVE |
|---|---|---|---|
| Together for excellence<br>Saam vir uitnemendheid<br>Sisonke siyagqwesa | To render excellent services through good governance, public ownership and partnership in order to create a safer environment that will promote socio-economic growth and ensure future financial sustainability in a prosperous southernmost community | SG1: To ensure good governance | SO1: To create a culture of good governance |
| | | | SO2: To create a culture of public participation and empower communities to participate in the affairs of the Municipality |
| | | SG2: To ensure institutional sustainability | SO3: To create an administration capable of delivering on service excellence. |
| | | SG3: To promote local economic development in the Cape Agulhas Municipal Area | SO4: To create an enabling environment for economic growth and development |
| | | | SO5:To promote tourism in the Municipal Area |
| | | SG4: To improve the financial viability of the Municipality and ensure its long term financial sustainability | SO6: To provide effective financial, asset and procurement management |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | SG5: To ensure access to equitable affordable and sustainable municipal services for all citizens | SO7: Provision of equitable quality basic services to all households |
| | | | SO8: To maintain infrastructure and undertake development of bulk infrastructure to ensure sustainable service delivery. |
| | | | SO9: To provide community facilities and services |
| | | | SO10: Development of sustainable vibrant human settlements |
| | | SG6: To create a safe and healthy environment for all citizens and visitors to the Cape Agulhas Municipality | SO11:To promote social and youth development |
| | | | SO12:To create and maintain a safe and healthy environment |

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) That the quarterly performance report for the quarter 1 January 2018 to 31 March 2018 be noted.
(ii) That this report be read in con junction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***RESOLUTION BK66/2018***

That the management recommendation be accepted as a resolution of the Mayoral Committee.

## 13. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK195/2013 | Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R) | (i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind.<br>(ii) Na 2014/2015 begroting verwys word. | ***Tydens 'n vergadering tussen DEA, KAM, ODM en die Morawiese Kerk het die kerk besluit dat die stortingsterrein gesluit word. Vullis word per bakke karwy na Bredasdorp stortingsterrein.*** | DSID |
| BK11/2014 | Pad na Suiderstrand (16/3/3/2) | (i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms.<br>(ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel. | ***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.***<br>***Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.*** | DSID |
| BK18/2017 | Publieke strate en oopruimtes: Suiderstrand | Dat 'n prokureur aangestel word om die geïdentifiseerde eiendomme aan die munisipaliteit oor te dra in terme van 'n endossement van die gemelde Art 16 van die Wet op Registrasie van Aktes. | ***Mnr Kruger & Blignaut besig met oordragte.*** | BSSB |
| BK218/2017 | Vervreemding (koop): Erf 2789, Struisbaai | Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte). | | Eiendoms-administrasie |
| BK221/2017 | Vervreemding (huur): Ged erf 1343, Bredasdorp | Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat die Departement Landbou die dravermoë vir die aanhou van vee kan bepaal. | | Eiendoms-administrasie |
| BK223/2017 | Oorskryding: Ged erf 521, L'Agulhas | (i) Dat die aangeleentheid terugverwys word.<br>(ii) Dat Dept Omgewingsake genader word vir hul insette ten opsigte van die wetlike implikasies.<br>(iii) Dat die aangeleentheid teruggehou word in afwagting op die finale verslag van die Erfenis Beampte van Erfenis, Wes-Kaap. | | Eiendoms-administrasie |
| BK39/2018 | Vervreemding (huur): Erf 390, L'Agulhas | Dat 'n volledige ondersoek aangaande erwe 390 en 608, L'Agulhas uitgevoer word ten opsigte van hul toekomstige ontwikkelingspotensiaal. | | Eiendoms-administrasie |
| BK40/2018 | Vervreemding (huur): Ged erf 1344, Bredasdorp (Lebombokamp) | Dat die aangeleentheid terug verwys word na die LED afdeling vir verdere ondersoek wat ook verslae van Departement Landbou sal insluit. | | Eiendoms-administrasie |

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verant-woordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| BK41/2018 | Vervreemding (koop): Erf 663, WHKrans | (i) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir bespreking en daarna weer aan die Komitee voorgelê word.<br>(ii) Dat die LED afdeling 'n volledige ondersoek oor genoemde erf doen, wat sal insluit die ontwikkeling van 'n moontlike gemeenskapsfasiliteit wat ook besighede insluit. | | Eiendoms-administrasie |
| BK42/2018 | Hersiening: Huurooreenkoms - Kindersorg, Napier | Dat 'n markverwante huurbedrag verkry word en na die Raad verwys word vir oorweging. | | Eiendoms-administrasie |

***<u>BESTUURSAANBEVELING</u>***

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

***<u>BESLUIT BK67/2018</u>***

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2018**

______________________________

**BURGEMEESTER** **DATUM:**